

Sondag 24 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 27:12-23

Fokusgedeelte: Numeri 27:16, 17

Die God van lewe waarborg die lewe deur herderskap

Die HERE bly getrou aan sy beloftes. Hy sál sy volk die beloofde land inlei, al moet Hy die murmurende geslag in die woestyn laat sterf. Hulle kinders sal die beloofde land binnegaan. God se beloftes geld deur die dood heen.

Moses fokus nie op wat hy met sy dood gaan verloor nie, maar op watter gevolge dit vir die volk inhou. Daarom vra hy van die Here, die vrymagtige Beskikker van menselewens, dat Hy iemand oor die volk sal aanstel wat vir hulle 'n nuwe leier en aanvoerder kan wees sodat hulle nie soos skape sonder 'n wagter is nie.

Jesus beklemtoon in Markus 6:34 die noodsaak van herders vir die volk as Hy van die Jode as “skape sonder herder” praat, op voetspoor van Moses se versugting dat die volk van die Here “nie mag wees soos skape wat geen wagter het nie”.

Josua se aanstelling as leier en aanvoerder van Israel bevestig God se sorg vir ons. Daarmee begrond Jesus natuurlik sy eie rol as Goeie Herder vir die skape! Gefokus op die lewe is Hy, ons Opperherder en volkome Middelaar, bereid om te sterf en vir sy skape die ewige lewe te gee. Geen wonder nie dat Jesus se naam in Hebreeus Josua is! Josua beteken “die Here verlos”.

Die woord “verlos” het 'n ruime betekenis, soos: ruimte maak; deure wat gesluit is, oopmaak; uitred uit nood en dood. 'n Voorbeeld is in Psalm 34:7: “Hierdie ellendige het geroep, en die Here het gehoor, en Hy het hom uit al sy benoudhede verlos.” Josua sal nou in sy lewe en stryd sigbaar en tasbaar laat sien dat die Here ruimte gee, sy volk verlos.

In Christus het jy as priester en koning ook 'n herderlike plig in hierdie wêreld. Is dit ook in jou lewe en stryd sigbaar dat die Here ruimte gee en sy volk verlos?

Sing: Psalm 23-1:1

Ds. SA Cilliers (Sarel) (Emeritus)